

**Titel:** Die Prys van 'n Siel  
**Pastor:** Phillip Gerber  
**Datum:** 30 Mei 2010  
**Tyd:** 09h30



**Jak 2:14**

Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?

**Joh 13:2-5**

<sup>2</sup> En gedurende die maaltyd - die duiwel het dit al in die hart van Judas Iskariot, die seun van Simon, ingegee om Hom te verrai - <sup>3</sup> het Jesus, omdat Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God heengaan, <sup>4</sup> van die maaltyd opgestaan en sy bo-klere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak. <sup>5</sup> Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het.

**a: hoe moet ons dien**

**1: stel ander bo jouself**

**Gal 5:13-14**

<sup>13</sup> Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde. <sup>14</sup> Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

**2: in liefde, sonder murmurering en teëspraak**

**Fil 2:12-16**

<sup>12</sup> Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; <sup>13</sup> want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehag. <sup>14</sup> Doen alles sonder murmurering en teëspraak, <sup>15</sup> sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld, <sup>16</sup> deurdat julle die woord van die lewe vashou, my tot 'n roem teen die dag van Christus, dat ek nie verniet geloop of verniet gearbei het nie.

**b: hoekom moet ons diensbaar wees**

❖ **sodat die oes kan inkom**

**Matt 9:37-38**

<sup>37</sup> Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. <sup>38</sup> Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur.

**Matt 6:31-33**

<sup>31</sup> Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? <sup>32</sup> Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. <sup>33</sup> Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.